# Die Heuwels Fantasties, Pille vir Kersfees

Dis snaaks hoe hierdie gebou
Sy arms om my en jou kan toevou
Terwyl die elektriese wolk kombers
Kom sweef oor die platberg en
Ons veilig vashou
Om die brandstigting te aanskou
Ek soek pille vir kersfees
Vir my gekerfde senuwees
Niks wat 'n tydjie by die see
Nie kan genees
Maar wie soek pille vir kersfees?
Hang af by wie se huis ek gaan wees
'n Prys promosie fenomeen
So baie om voor dankbaar te wees
Alomteenwoordig,
Jou naasbestaande eis
Verdraagsaamheid,
Maar tree oorbodig op
In hierdie tyd van samesyn
Stralejakker, spyseniere, bacchus en al sy vriende
As jou tuiste is
Waar jou hart is
Wat wil dan hier uitbreek uit my borskas uit
Geneties gelaai om te ontsnap
Die plasma wat spoeg
'n Wemelende massa te veel skade aangedoen

Die Heuwels Fantasties - Pille vir Kersfees w Teksciory.pl